

**Skriflesing:** Jeremia 32: 1- 25; 42-44Teks: **Jeremia 32:14b-15**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 145:2,3****TYDENS EREDIENS: Ps. 89:1,3; Ps. 19:1,7; Ps. 128:4; Ps. 105:5,6; Ps. 31:4,5****Jeremia 32: 1- 25; 42-44**

**Jer 32:1** Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het in die tiende regeringsjaar van koning Sedekia van Juda. Dit was die agtiende regeringsjaar van koning Nebukadnesar

**Jer 32:2** van Babel wie se leër juis toe vir Jerusalem beleër het. Die profeet Jeremia was in daardie tyd ingeperk in die binneplaas van die paleiswag van Juda.

**Jer 32:3** Koning Sedekia van Juda het vir Jeremia daar ingeperk en gevra: "Waarom sê jy die dinge as profeet? Jy sê: So sê die Here: Ek gee hierdie stad in die mag van die koning van Babel. Hy sal dit verower.

**Jer 32:4** Koning Sedekia van Juda sal nie vrykom uit die mag van die Galdeërs nie. Hy sal beslis uitgelewer word aan die koning van Babel en persoonlik met hom praat en hom met sy eie oë sien.

**Jer 32:5** Die koning van Babel sal vir Sedekia na Babel toe vat, en hy sal daar bly, sê die Here. Dit is my straf vir hom. As julle teen die Babiloniërs oorlog maak, sal julle die neerlaag ly."

**Jer 32:6** Jeremia het vir Sedekia geantwoord: "Die woord van die Here het tot my gekom:

**Jer 32:7** Jou oom Sallum se seun Ganamel sal na jou toe kom en sê: 'Koop my stuk grond wat in Anatot is vir jou, want volgens die lossingsreg moet jy dit koop.'

**Jer 32:8** Soos die Here gesê het, het my neef Ganamel na my toe gekom in die binneplaas van die paleiswag en vir my gesê: 'Koop tog my stuk grond wat in Anatot is in die gebied van Benjamin. Dit is jou reg om dit te besit, jy het die lossingsreg. Koop dit vir jou.' Ek het toe geweet dit is die woord van die Here

**Jer 32:9** en ek het die stuk grond wat in Anatot is, by my neef Ganamel gekoop. Ek het vir hom twee honderd gram silwer afgeweeg.

**Jer 32:10** Nadat ek die kontrak geskryf en die seël daarop gesit het en dit deur getuies laat teken het, het ek die silwer vir hom afgeweeg op 'n skaal.

**Jer 32:11** Toe het ek die koopkontrak met die voorwaardes en die bepalinge daarop, die kontrak met die seël en die afskrif sonder seël, gevat

**Jer 32:12** en in die teenwoordigheid van my neef Ganamel en van die getuies wat dit geteken het en van al die Judeërs wat in die binneplaas van die paleiswag gesit het, vir Baruk seun van Nerija, seun van Magesja, gegee.

**Jer 32:13** In hulle teenwoordigheid het ek vir Baruk beveel:

**Jer 32:14** 'So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: **Vat hierdie dokumente, die koopkontrak met die seël en die afskrif sonder seël en sit hulle in 'n kleipot sodat hulle lank kan hou,**

**Jer 32:15** **want so sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Daar sal weer huise en grond en wingerde in hierdie land gekoop word.'**

**Jer 32:16** Nadat ek die koopkontrak vir Baruk seun van Nerija gegee het, het ek tot die Here gebid:

**Jer 32:17** Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie.

**Jer 32:18** U bewys u troue liefde aan duisende geslagte, maar U straf kinders vir die sondes van hulle ouers. Groot en magtige God, u Naam is Here die Almagtige.

**Jer 32:19** U besluite is magtig, u dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade.

**Jer 32:20** Die tekens en wonders wat U in Egipte gedoen het, doen U nou nog in Israel en onder die mense. So maak U vir U 'n Naam tot vandag toe.

**Jer 32:21** U het u volk Israel uit Egipte laat wegtrek met tekens en met wonders, met magtige dade en met wonderlike groot dade waarvoor mense vreesbevange was.

**Jer 32:22** U het hierdie land vir u volk gegee, die land wat U met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

**Jer 32:23** U volk het gekom en dit in besit geneem, maar hulle was ongehoorsaam. Hulle het nie u wet onderhou nie, hulle het nie gedoen wat U hulle beveel het om te doen nie. Daarom het U al hierdie rampe oor hulle laat kom.

**Jer 32:24** Daar is beleëringswalle teen die stad opgegooi om dit te verower, en die stad is deur die swaard en hongersnood en pes oorgegee in die mag van die Galdeërs wat daarteen veg. Wat U gesê het, gebeur nou. U sien dit self.

**Jer 32:25** En tog sê U, Here my God, vir my: 'Gaan koop vir jou 'n stuk grond met silwer en sorg dat jy getuies het,' en dít nou dat die stad in die mag van die Galdeërs gegee is."

**Jer 32:42** So sê die Here: Soos Ek hierdie groot ramp oor hierdie volk gebring het, so sal Ek ook al die goeie wat Ek hulle beloof het, na hulle toe bring.

**Jer 32:43** Daar sal weer grond gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: "Dit is verwoes, sonder mens of dier, oorgegee in die mag van die Galdeërs."

**Jer 32:44** Grond sal vir silwer gekoop word, kontrakte sal geskryf word met seëls daarop en getuies daarvan. Dit sal gebeur in die gebied van Benjamin en in die omgewing van Jerusalem, in die stede van Juda: in die stede van die Bergland en van die Laeveld en in die stede van die Suidland. Ek sal hulle lot verander, sê die Here.

**Skriflesing:** Jeremia 32: 1- 25; 42-44

Teks: **Jeremia 32:14b-15**

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 145:2,3**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 89:1,3; Ps. 19:1,7; Ps. 128:4; Ps. 105:5,6; Ps. 31:4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met die doop van hierdie twee kindertjies vandag, is my gedagtes en ek wil aanvaar baie van u gedagtes tog op 'n manier met ons land, ons politiek, ons ekonomie ook besig. Die vraag na is daar nog vir ons kinders 'n toekoms in hierdie land word baie gehoor. En nou is so pas twee kindertjies gedoop, 'n boetie en sussie in die verbond gebore maar ook in ons land gebore wat bymekaar uitgebring moet word. My mens-wees en die grond waarop ons lewe is met bande gebind wat nie misgekyk mag word nie. Die eerste mens is nie verniet uit die bolaag van die grond gemaak nie. Die Here vorm uit grond nie net klei nie, maar God het daaruit 'n mens gevorm, 'n mens na sy beeld en sy gelykenis ... en die asem, goddelike asem, dit wat die siel in die mens inplaas is letterlik ons ingeblaas, wat geen mens weer kan wegneem nie. Selfs as ek sterwe en ek behoort aan God dan is my siel reeds by God. Die lewe lê by God.

En die liggaam doen sy band aan die grond gestand. Dit word weer die stof waaruit dit geneem is. *Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer* is die taal wat grafte omring maar die wonderlike wat ons vandag by 'n doopbak mag sê, het ook met grond te make ... Ons tema by hierdie doop vandag is - koop grond, ja koop grond in 'n tyd wat dit regtig nie reg lyk en goed lyk om grond te koop nie. Tog kan ons alleen grond koop in so 'n tyd as ons fundering vir ons verstaan van grond ook reg is. So mag ons ook alleen kindertjies doop as ons fundering in die verstaan van ons doop ook reg is. Dan het die doop en die grond iets vir mekaar te sê! My fundering tot die verstaan van grond en my gereformeerde fundering in die verstaan van ons doop is geen losstaande sake van mekaar nie.

Spesifiek hoe Jeremia se gesindheid in 'n grondtransaksie moet wees het baie te sê met ons wat 'n doopbak vir 'n oomblik vanoggend in die sentrum kon stel. Nou kom die Woord in die sentrum en juis vanuit die Woord word daar na grond en na die doop gekyk. Jeremia se grondtransaksie, ja dit word 'n opdrag tot koop daardie grond by jou neef gebeur in 'n tyd wat mense met sg. gesonde verstand sal sê maar nou is nie die tyd nie. Nebukadnesar het reeds groot dele van ons volk in ballingskap weggevoer. Ja reeds twee keer is groot getalle na Babel verskuif, Israel bied in sy ekonomie en in sy politiek geen sekuriteit meer nie. Die vooruitsigte lyk maar donker.

\*\*\*

Jeremia sien hoe Jerusalem in puin lê. Daar is geen mens wat nie bedreig gevoel het nie, geeneen wat kon sê soos dit vir ons nou in die land lyk kan ons niks goed voorspel nie. Ja, die nog dieper en seerder saak is dat Jeremia die profeet van die Here eintlik al hierdie dinge geprofeteer het. Jeremia is die een wat die koning en die volk gewaarsku het dat Juda met alles wat dit is te gronde sal gaan. Daarom dat Jeremia as dominee van sy tyd deur sy eie mense ook al meer verag is, hulle hou nie van hom nie, hulle beskou hom as 'n doempfeet. Koning Sedekia word so kwaad dat hy vir Jeremia opsluit. Ons lees in die begin van Jeremia 32 'n woord wat nou in 2020 'n bekende woord geword het – inperking- *Die profeet Jeremia was in daardie tyd ingeperk in die binneplaas van die paleiswag van Juda. 3 Koning Sedekia van Juda het vir Jeremia daar ingeperk en gevra: “Waarom sê jy die dinge as profeet?*

\*\*\*

Jeremia sê dinge wat die mense nie wil hoor nie, wat hulle kwaad maak, ja hulle wil vir Jeremia stilmaak. Sluit hom op, perk hom in, ja dit sou vir Jeremia al erger geword het. Lees ons Jeremia 38 dan is Jeremia in 'n put gegooi. Jeremia se ellende word juis oor sy preke al meer - In Jeremia 38 lees ons hoe drasties daar met hom gewerk is. Vers 4: *4 Die koning se amptenare het vir hom gesê: “Hierdie man moet doodgemaak word, want hy maak die soldate wat nog in die stad oor is en die hele volk moedeloos deur so met hulle te praat. Hierdie man wil nie die volk help nie, hy wil hulle benadeel.” 5 Toe sê koning Sedekia vir sy amptenare: “Hy is in julle mag, ek kan julle nie keer nie.”* Die uiteinde is hulle gooi hom in 'n put -ons lees vers 6: *6 Hulle vat toe vir Jeremia en gooi hom in die koning se seun Malkija se put in die binneplaas van die paleiswag. Hulle het vir Jeremia met toue laat afsak in die put waarin nie water was nie, net modder, en hy het in die modder ingesak.*

Met Jeremia self gaan dit nie goed nie, so ook met die land gaan dit nie goed nie, maar geliefdes dit wat vandag ook by ons moet uitstaan dat wie op die Here en sy beloftes staatmaak kyk anders na die lewe as net dit wat voorhande is. Die allerlaaste ding wat op daardie stadium van Jeremia se lewe vir hom sin sou maak is om grond te koop waarvan hy nie eers onmiddellik die kaart en transport kan kry nie. Die normale regsverkeer rondom die oordragte van grond het ook gaan stilstaan. Op aarde is daar geen waarborge wat aan Jeremia gelewer kon word nie, maar die opdrag bly- koop grond! Dit is 'n regshandeling wat ek ook wil noem 'n verbondshandeling wat die Here se beloftes na vore bring.

\*\*\*

Jeremia teken maar gewoon sy eie naam onder die koopbrief en die kontrak wat bewaar moet word, is die enigste wat Jeremia van sy kant kan bewys hy daarvoor betaal het. 200g silwer noukeurig afgemeet. Daar was wel ook die handtekening van getuies met die voorwaardes en bepalinge, alles soos 'n kontrak moet wees, maar die groter prentjie is dit maak nie sin om in sulke omstandighede grond te koop nie. Dit is hoe die meeste mense daarvoor sou redeneer. Die geseëde gedeeltes van die kontrak maar ook die ongeseëde daarvan moet in 'n kleipot gebêre word wat dit lank kan hou. Die vooruitsigte dat dit gou beter sal gaan word ook nie aangetoon nie, intendeel die kontrakte sou dalk maar lank in die kleipot moet kan bly, maar ek mag die waarde van God se beloftes nooit onderskat nie.

Die waarde van God se beloftes vandag by hierdie doop gemaak, God se beloftes wat ons DV volgende Sondag weer by 'n Nagmaalstafel mag uitbring is beloftes so kragtig in hulle instelling maar ook in hulle uitwerking. Die doop en die Nagmaal, albei sakramente wat nooit op hulle eie van enige waarde kan wees nie, maar wie in en deur die geloof daarmee handel is met baie kosbare genademiddele besig. Die Here sê vir ons dat al mag dit lyk alles is teen jou dan is daar steeds die Here se beloftes. En die Here se beloftes mag dalk nie nou vir jou sin maak nie, maar wag maar, want die werklike betekenis van wat jy nou doen, word dikwels eers later duidelik.

Die kleipot van die kontrak en die doopbak van die doop, albei bakke dra God se verbond. God se voortreflikheid, die Here se krag, is die taal ook van hierdie kontrak wat Jeremia die kleipot moet inlê. Daar in die kleipot waarin die kontrak gebêre moes word laat die Here sy reg en sy verbond nie tot niet gaan nie. Vir die mens het dit ook nog altyd waarde as die Here sy beloftes

met klei beseël sodat sy beloftes vir ons moet hou, terwyl sy beloftes glad nie van klei is nie. Ons as mense is die kleidele, ons het baie keer ook 'n geloof wat kleierig is. Ook as ons in die geloof klei trap. Onwillekeurig dink ons aan hoe Paulus ons as mense sien, as kleipotte wat maklik kan breek. Ons is die mense wat die geloof ontvang, die berging van geloof gebeur in ons, die kleipotte, Maar dan sê Paulus in 2 Korintiërs 4:7- *Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees, en nie uit ons nie.*

As geloof kan oorvat, broeder en suster, dan kan mens doen wat Jeremia gedoen het. Koop grond, op die tyd wat dit die minste sin maak, maar as ek die grond uit God se hand kan koop, waarom dan nie? Dan koop ek eintlik in werklikheid nie grond nie, maar ek koop God se beloftes, wat nie gekook is, en wat nie goedkoop is nie, maar wat betaal is in die bloed en in die graf wat Jesus Christus vir ons oopgemaak het. Dan is geloofsgronde baie vaster gronde, as die gronde waarna ons as mense baie keer na dinge kyk. Glo net dat dit grond is wat uit God se hand kom, en nie uit die hand van mense nie.

Dieselfde vaste grond van die verbond waarop die doop van die twee kindertjies vandag mag staan. Te veel leef ons asof ons uit die hand van mense leef. Asof die politiek en die Covid virus en die ekonomie die laaste sê oor ons lewe het. Wat ons by Jeremia agterkom is dat as geloof oorvat, dan sal ons nie toelaat dat hierdie ander dinge hierdie groot sê in my lewe sal uitoefen nie. Wat ons weer moet besef is om saam met geloofsgehoorsaamheid en geloofsvolharding, ook te verstaan wat is geloofsgeduld! Dinge by God lê anders en gebeur anders as wat ons dit baie keer wil hê en die spoed waarna ons verlang werk nie met ons kilometers en seemylskale nie. Nee, die konsekwensies van jou en my se geloofsvolharding word dalk nie eers in ons lewe verreken nie. Dit mag dalk eers 200 jaar (of nog baie langer) van nou af in aanmerking kom- weet dit! Bly gehoorsaam en bly volhard, ook ter wille van ons nageslag, ook vandag ter wille van hierdie twee kindertjies, moet u dit weet. Dan verstaan ek iets van die verbond, ek beleef die verbond, ek glo die werking van die verbond.

Ons waag dit van hier met God verder maar tegelyk besef ons dit is geen waagstuk nie. Ons mag in ons harte die belofte saamdra dat God sal die goeie wat Hy aan ons belof het na ons toe bring. Grond sal weer gekoop word, kontrakte sal weer geteken word met die seëls daarop en

die getuies daarvan. Daar sal wingerde en huise opgerig kan word. Ons moet dit wil glo. Jeremia hoor hierdie dinge en dan sak hy op sy knieë neer - *17 Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie. 18 U bewys u troue liefde aan duisende geslagte, maar U straf kinders vir die sondes van hulle ouers. Groot en magtige God, u Naam is Here die Almagtige. 19 U besluite is magtig, u dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade. 20 Die tekens en wonders wat U in Egipte gedoen het, doen U nou nog in Israel en onder die mense. So maak U vir U 'n Naam tot vandag toe.* Hierdie gebed van Jeremia vat waar dit saakmaak. Dit verreken God se trou voluit maar ook God se straf word voluit bely. Die vraag is besef ons hierdie dinge in ons tyd. Dink ons ernstig genoeg hieroor? Is daar bekering wat jy jou voor God sal moet verantwoord? Jeremia wat sê – *U besluite is magtig, u dade is groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade.*

As ons hierdie gebed van Jeremia tot die bodem toe ons eie maak dan besef ons ook Jeremia se troos. Daar in my verdroogde ingeperkte lewe lê wel die stukkie grond wat God my wil laat toekom. 'n Stukkie Anatot-veld wat eintlik besig is om te profeteer. Die grond wat kan profeteer- dink u dit in ... Ek sal vry word en weer op die bestemde tyd na my eienaar terugkeer. Dit stukkie grond praat – dit profeteer dat die hele land weer vry sal word. Die waarborg lê in wat die waarborg by hierdie kindertjies vandag ook is- die waarborg lê in die geloof van Jeremia, dit lê in die Woord van die Here, dit lê in die koopbrief van Anatot. Drie waarborge, drie absolute onveranderlikes, die geloof, die Woord, die teken van die water is wat hierdie doop ook sy waarborg gee.

Br Bennie, sr Magda julle wat vandag bepaalde beloftes voor die Here afgelê het, dit was ook 'n regshandeling voor God. Ja die doop is uit 'n sekere hoek gesien die teken van 'n koopbrief wat vir die wêreld sinneloos mag lyk maar wat vir ons en ons kinders die toekoms wil inteken. Jeremia se koopbriewe het uit sekere oorde so min regs krag gehad dat hy dit teen die wêreld moes verseël. Maar hy is bereid om dit te doen. Hy doen dit in die geloof ongeag wat die wêreld, wat die politiek wat die mense van sy tyd met hom wou maak. Jeremia se koopbrief getuig van geloof en gehoorsaamheid. Trouens hy weet as hy die grond nie sou koop nie dan sou hy aan die Here ongehoorsaam wees. Op die einde gaan die doop in alles oor

geloofsgehoorsaamheid. Al bly daar op die einde van ons land niks oor nie en ons hou aan ons doop vas dan het ons eintlik niks verloor nie. Het u al so daaraan gedink? Vir Jeremia was dit 'n werklikheid. Sy land was tot niet, die grootste deel van sy volk in ballingskap weggevoer, daar is hongersnood wat kom, die pes het oor hulle in Jerusalem toegesak, ja dit was of daar niks oorgebly het nie, maar dan het hy kon dink aan my koopbrief. Die onderpand van my hoop die twee koopbriewe. Dis gedokumenteer, dis verseël, dis al wat hy het, maar tog is dit sy alles.

Ons wat in Christus eintlik ons koopbrief moet sien. Daarmee sluit ons af. Christus het in triplikaat vir u 'n koopbrief in sy bloed geteken. Die eerste deel gaan oor God wat u gekies het, God wat in u en u kinders 'n welbehag het, daarvan het selfs die engele in Bethlehem gesing. Tweedens is daar dit wat aan die kruis gebeur het. Daar is groot dele van die brief afgehandel. Een kant die oop deel van die brief, *kom na My toe almal wat vermoeid en oorlaai en belas is*. Aan die kruis is ook die verseëldede deel van Hom wat sê – DIT IS VOLBRING! Daar is selfs 'n belofte by- *Ek is met jou al die dae tot aan die voleinding van die wêreld*. Tog is ons koopbrief in triplikaat, daar kom 'n derde deel by - vandag se doop is die derde deel. ... dit bring alles bymekaar. Hier is van Godswêre met hierdie ouers en hulle kindertjies weereens 'n ooreenkoms bevestig wat vanuit God se genadeverbond in sy beloftes vasgelê is – God se Drie-Enige Naam is op die koopbrief geskryf – u as gemeente is die getuies. 'n Kontrak in drievoud, wat nie lank in 'n erdekruike moet lê nie, dit mag nie gebêre word nie, dit moet geleef word. Dit is 'n kontrak met water as teken en die seël van die doop vir ewig op hierdie kindertjies se voorhoofde verseël.

Die vraag is wat maak ons daarmee? Werk u werklik met die drievoudige kontrak wat God ook met u gesluit het. Ja, dink aan die drie, geloof, hoop en liefde, is dit werklik u antwoord op God se triplikaat-belofte aan u? Ons leef in tye dat hulle in die wêreld gebore en vanuit die wêreld lewe, al vuiler sal word. Dit is God se Woord in Openbaring maar ons in God gebore is nie veronderstel om al vuiler te word nie, maar in Christus al skoner. Wanneer hulle wat vuil is op hulle vuilste sal wees weet ek nie, maar God weet dit! Dit is wel so dat God belowe die afval al groter gaan word. Tog het God vir sy kinders reeds hulle eie grond in die oog, nie in die danssale van die wêreld nie, maar die onmeetlike ruimtes van God se ewige koninkryk waar die dans van die lewe musiek bevat waar engele en gelowiges kan saamsing. Waar geen kameras nodig sal wees nie. Ons lewe dan op grond nie met silwer gekoop nie waar kontrakte en

erdekruike nie meer nodig sal wees nie, nee ons leef in Christus wat in Openbaring die sewe seëls klaar oopgebreek het. Ons weet Hy is getrou. Ja, dit is Jeremia se kernboodskap by hierdie doop ook vandag. God is getrou en Hy laat vaar nie die werk van sy hande nie. Glo dit in kinderlike gehoorsaamheid. Toon u geloof uit u werke al word die tye nog swaarder en al moet u soos Jeremia vanweë u geloofsgehoorsaamheid in die binneplaas van 'n heidense maghebber ingeperk word. Al gebeur daar nog erger dinge, Jeremia in 'n modderige put, nogtans sy koopbriewe was geteken. Waar lê die koopbriewe van u lewe tans? Dit is 'n vraag ook vir volgende Sondag se Nagmaal.

AMEN